Alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Soos julle kan sien het ek afgesien van die mooi skrif, dit maak net die brief onnodig groot. Ek het 'n nuwe speelding gekry. 'n Digitale kamera wat naby skote [macro] kan neem. Nou kan ek fotos en dokumente ook afneem. Ek moet nog net 'n lamp organiseer voordat ek argiewe aandurf. [behalwe dat die flits nie goed is vir die ou dokumente nie maak dit ligkolle, veral op fotos.] Die twee fotos in aanhegsel twee is met die kamera geneem en een van my slim broers het die formaat "gedokter" dat dit klein genoeg is vir e-pos.
Ons is op die oomblik al 'n groep van 17 mense, ek het nooit gedink dat daar nog soveel belangstelling in ou Pretoria is nie. Gesels asseblief saam, enige regstelling, bykomende inligting of ander interessanthede is welkom.
Groete, Rosa Swanepoel

Die volgende van Anton Jansen na aanleiding van die eerste brief:

Het iemand miskien enige inligting oor die Erasmusgebou. Die
argitek was J W Leslie-Simmonds wat ook die argitek van die Erasmuskasteel
was (en nie van der Venn soos meeste beweer nie). Watter verbintenis was
daar tussen die Erasmusgebou en die Erasmusse van die Kasteel, indien enige?

Die volgende artikel het ek lank gelede in ‘n ou Pretoriana gelees [PR-035  p12]. Dit was vir my vreeslik interessant en ek het nog altyd gewonder hoeveel waarheid daarin steek. Ek het besluit om ondersoek in te stel.

Die artikel handel oor die tyd toe Winston Churchill in die Staatsmodelskool aangehou was.
Hier volg die artikel:

“Extract from a letter dated 6$^{Th}$ November, 1960 received from Mr. C.J. Beanes.

Mr. Patterson informed me more than once that information was signalled as to where escaped prisoners could find safety and how to reach such houses and he could not understand why Sir Winston did not make use of such information.

Mr. Cullingworth was employed in the post office and Mr. Patterson in the head office of the Telegraph Department. The two departments were separate in republican days.

I understend that Mr. Cullingworth was not ‘n telegraphist whilst Patterson was a skilled operator although he was not at the time employed in the instrument room. One of the Misses Cullingworth once told me that she did the signalling but Mr. Patterson said that he did the signaling with a white flag from the passage. One of the Cullingworth daughters would be on the stoep and would commence skipping when the sentry reached the spot from where, if he looked towards the passage, he would see the flag, and she would leave off skipping when the sentry had passed the danger zone Mr. Patterson was in ‘n room……….. Mr. Patterson, I believe, joined the Transvaal Service in 1889 and died in Pretoria at the age of 90 in 1954.”

Die volgende inligting kon ek opspoor ter stawing van die artikel:

**Mr. Patterson**
In die Staatsalmanak van 1899 [STA-03  p297] sien ons Thos. Patterson was ‘n klerk in die Telegraaf Departement teen ‘n betaling van £400  per jaar. In 1899  het T. Patterson op die hoek van Parkstraat en Hamiltonstraat gebly [LON-01  p057].

Interessant is dat die Joodse Gemeenskap van Pretoria op 11 Desember 1895 ‘n erf in Markstraat, no 74, van Thomas Patterson  gekoop het vir ‘n bedrag van £1500. Die Sinagoge is later op die erf gebou  [BOL-01  p160]. Sou dit dieselfde Patterson gewees het, of miskien sy vader?

**Mr. Cullingworth**
In die Staatsalmanak van 1899 [STA-03  [277] sien ons dat C. Cullingworth as klerk gewerk het in die Pretoria Poskantoor. Sy salaris was £275 per jaar.

C. Cullingworth se huis was op die hoek van Skinnerstraat en Van der Waltstraat in 1897 [DUN-01 p304]  en nog steeds in 1899 [LON-01  p085]. Dit is regoor die Staatsmodelskool.

Miss. Cullingworth
In 1899 was daar ‘n Miss. Cullingworth werksaam as assistant by die Wesleyan Boys’ School [LON-01 p215]. In die ou dae is ‘n vrou se naam of voorletters selde genoem. Daar sal bv. gepraat word van mev. Rissik of mev. Johan Rissik maar nooit van mev. M Rissik of mev. Mimmie Rissik nie. Dus weet ons gladnie of dit dieselfde Miss. Cullingworth is nie. Ek twyfel egter of ‘n jong dame wat al skoolhou op die stoep sal springtou spring. Dit moes seker ‘n jonger suster gewees het.

Dit lyk dus asof mnr. Beanes se brief geloofwaardig kan wees. Op ‘n muur van die Staatsmodelskool het die gevangenes ‘n kaart geteken met die posisies en beweging van die verskillende troepe. Die kaart is vandag nog daar te sien. Ek wonder of hulle nie die inligting op dieselfde manier verkry het nie.